Weeklikse Afkondigings

4 September 2022

NG KERK SUIDERHOF (Dolerend)

Suiderhof gemeente stel God en sy Koninkryk bo alles,
en bemagtig leiers en lidmate om elke dag Sy dissipels te wees

AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

SONDAG 4 SEPTEMBER 2022 **BIDDAG VIR DOWES** 09:00 Erediens (Kerk) 09:00 Erediens (Saal) 09:00 Kleuterkerk 09:50 KICK 10:00 Kuier lekker saam met tee/koffie 10:30 Auas Hills diens 18:00 Skemerkerk	**TEMA:** Dink Bybels oor Huwelike ***VERJAARSDAE:*** Joanell Gous, Rista Heigan
MAANDAG 5 SEPTEMBER 2022 10:00 Helplift	Jana Coetzee, Christo Gresse, Marike Meyer,
DINSDAG 6 SEPTEMBER 09:00 Bybelskool 09:30 Bybelstudie by Auas Hills 17:30 Bybelskool	Lorna Cilliers, Gino Gagiano, Jaco Kotze, Albé Louw
WOENSDAG 7 SEPTEMBER 09:00 Senior Bybelstudiegroep by kerk	Daleen Duddy, Nicolaas Oosthuizen, Hanneli van Zyl, Tristen van Straten
DONDERDAG 8 SEPTEMBER 09:00 Silwerhare uitstappie na Regenstein	Mia Blaauw, Suné Garbers, Milandi Nederlof, Hein Schaaf, Isabel Schäfer, Jaco Swartz, André Vermeulen
VRYDAG 9 SEPTEMBER	Elke Hanstein, Carmen Kitschoff, Ezelle-Mari Malan
SATERDAG 10 SEPTEMBER	Yuné Prinsloo, Esmé van der Westhuizen
SONDAG 11 SEPTEMBER **Sin. Kollekte: Christelike Lektuurfonds** 09:00 Erediens (Kerk) 09:00 Erediens (Saal) 09:00 Kleuterkerk	 09:50 KICK 10:00 Kom drink 'n koppie tee/koffie 10:30 Auas Hills - NAGMAAL 18:00 Skemerkerk

♦ Ds Dubois: 081 401 3261 dbtoit@ngksuiderhof.com ♦ Ds Evert: 081 128 0757 evert@afol.com.na
♦ Kantoor: Francie van der Merwe (Operasionele Bestuurder) ♦Yolanda Gouws (Administratiewe Beampte)
Tel: 061 251 414 Sel: 081 288 9805 Epos: ngks3@afol.com.na
KANTOOR URE: 07:30 - 16:30
www.facebook.com/ngkerksuiderhof

WAAR IS DIT LEKKER, NET HIER BY SUIDERHOF!!!!!!!!!

DIE VOLGENDE AKTIWITEITE WORD BEPLAN VIR SEPTEMBER 2022

♥ <u>8 SEPTEMBER 2022</u>
Silwerhare uitstappie na Regenstein – Kontakpersoon Alta van Zyl (081 242 7768)

♥ <u>9 + 10 SEPTEMBER 2022</u>
Kick oorslaap graad 1-3 by die kerk (mentors sal inskrywingsvorms op groepe uitstuur)

♥ <u>14 SEPTEMBER 2022</u>
Die bekende motiveringspreker, Lynette Beer tree in ons kerksaal op! Sien advertensie

DIE VOLGENDE AKTIWITEITE WORD BEPLAN VIR OKTOBER 2022:

♥ <u>7-9 OKTOBER 2022</u>
Belydeniskamp by Hodygos

♥ <u>17 – 21 OKTOBER 2022</u>
Seniorburgertoer na Swakopmund- sien inligting

♥ <u>21 OKTOBER 2022</u>
Gemeente se 57ste verjaarsdag
Kick oorslaap graad 4-6

♥ <u>29 -30 OKTOBER 2022</u>
Gemeente verjaarsdag feesvierings, Dankfees en Nagmaal - meer inligting volgende week.

NUWE INTREKKERS

Alle nuwe intrekkers of bywoners van ons dienste is baie welkom. Daar is 'n briefie by die deure, voltooi asb. u besonderhede sodat ons u kan kontak! Ons volgende verwelkomings kuier is op 25 Oktober 2022

DIT IS MAKLIK OM TE GEE:

- KOLLEKTE
- EFT
- PAYTODAY
- DEBIETORDER
- DANKOFFER KOEVERT

BANKBESONDERHEDE:
NG KERK SUIDERHOF
BANK WINDHOEK
MAERUA MALL
KODE: 483872
REKENING NOMMER: 1027397301

SENIORBURGER TOER

Datum: 17 -21 Oktober 2022
Plek: Swakopmund
Kostes: N$400 alles ingesluit!
Laat weet asb. so gou as moontlik vir Yolanda by die kerkkantoor (061 251414) as u wil saam toer!
Moet asb. nie die geleentheid misloop nie, alle senior burgers is welkom!

TELEVRIEND

Ons gemeente wil soos 'n familie wees – waar elkeen tuisvoel en waar ons weet hoe dit met mekaar gaan. Om dit beter reg te kry, begin ons 'n aksie "TeleVriend". 'n TeleVriend ontvang verantwoordelikheid vir 'n groepie persone (omtrent 6) met wie jy deur middel van die selfoon (WhatsApp, bel) kontak hou, verhouding bou, meeleef – net soos familie met mekaar doen!

'n Gewillige TeleVriend kry 'n bietjie basiese riglyne en toerusting soos die behoefte daar is, met 'n begeleier wat gekontak kan word soos nodig.

Periodiek kom ons dan bymekaar vir terug rapportering en verdere ontwikkeling van die bediening.

Wie kan 'n TeleVriend wees? Elkeen met 'n vriendelike stem en 'n Jesus-hart wat omgee!

Kontak asb. vir Yolanda by die kerkkantoor (081 2889805 of 061 251414) om jou naam te gee, ons het jou nodig!

Kontak vir Wendy Lombard (081 474 7937) of ds. Evert (081 128 0757) vir meer inligting.

GEBED: WAGTE OP DIE MURE – 24 UUR VAN GEBED

Maak solank 'n nota - ons volgende 24 uur van Gebed is DV op 14 September 2022.

helplift SUIDERHOF

Indien enige iemand nood ervaar, skakel asb. vir Koekoes Aggenbach by HelpLift, Tel 081 128 9319.

ONDERSTEUNINGS GROEP VERGADERING

Ons beplan 'n vergadering met al die Wyksverteenwoordigers, Kleingroepleiers en TeleVriende op Dinsdag, 13 September 2022 om 18:00. Maak asb. 'n nota van die vergadering.

LYNETTE BEER KOM KUIER IN ONS KERKSAAL - 14 SEPTEMBER

KAARTJIES SAL SONDAG NA DIE EREDIENS BESKIKBAAR WEES EN DEUR DIE WEEK BY DIE KERK KANTOOR.

GEBEDSLYS:

Elmarie Visser (081 272 3843) sal 'n CT scan ondergaan en daarna die dokter sien om die pad vorentoe te bespreek. Dit gaan goed met haar onder die omstandighede. Ondersteun asb. deur teksboodskappe.

Tannie Erma Strydom (Ds. Evert se skoonmoeder) het geval en haar arm gebreek. Sy is uit die hospitaal en sterk aan in Oude Rust se siekeboeg. Sy raak meer gewoond aan die siekeboeg se kamer en is dus rustiger in die nuwe omgewing.

Tannie Petro Wehlitz (081 826 5350) sterk steeds aan by Auas Hills se versorgingsoord. Bid asb. vir haar vinnige herstel. Haar seun Hermann kuier by familie in die Noorde, en die verlange is groot.

Retta du Preez (081 398 6477) se skoonsuster, Rina, is na 'n siekbed oorlede. Bid asb. vir vertroosting.

Amanda van der Merwe (081 272 9815) laat weet dat klein Adriaan Dinsdag, 30 Augustus 2022, in die teater in Windhoek ondersoek is, en dat hulle die goeie nuus gekry het dat die gewasse geen veranderings getoon het nie. Hulle gaan weer die 13de Oktober 2022 Kaap toe vir 'n ondersoek. Haar man, Bennie, sal dan ook waarskynlik sy jaarlikse PET scan in die Kaap ondergaan.

Tannie Lenie Booysen het duiselig gevoel en geval en in die proses haar skouer beseer. As gevolg van hoë bloeddruk het die dokter haar in Lady Pohamba Hospitaal se ICU opgeneem om haar te monitor. Bid asb. vir haar.